



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2018**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1  
NASIENRIGLYN**

**PUNTE: 80**

---

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

---

## AFDELING A: LEESBEGRIP

- Spel- en taalfoute word NIE gepenaliseer NIE omdat die fokus op begrip is.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word GEEN punt toegeken vir JA / NEE, EK STEM SAAM / EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede / motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR / ONWAAR of FEIT / MENING nie. Die rede / motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek MITS die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE / DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, word SLEGS die eerste TWEE / DRIE nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN / OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

### VRAAG 1: ARTIKEL (TEKS A)

NR	ANTWOORD	PUNT	DENK VLAK
1.1	Wonderlike / gevaarlike ✓	(1)	1
1.2	Jy het 'n (slim-) selfoon in jou sak / jy het al die inligting op jou (slim-) selfoon ✓	(1)	
1.3	(Die internet is) onveilig ✓ / (as jy die internet gebruik,) is jy nooit anoniem nie. ✓	(2)	1
1.4	Hy/Sy kan: vir hom-/haarself 'n profiel uit jou inligting saamstel / jou profiel as sy eie gebruik / meer van jou leer / kan jou geld steel. ✓ <b>(Of soortgelyke redenasie)</b>	(1)	1
1.5	Die banke het voldoende / streng sekuriteits- / veiligheidsmaatreëls (vir hulle webtuistes). ✓	(1)	4
1.6	(Die goudmyn is jou) persoonlike besonderhede / jou naam, van, telefoonnommer, adres, ID-besonderhede en bankdetails. ✓	(1)	3
1.7	Mense wat in jou persoonlike lêers inbreek (om jou inligting/informasie/geld te kry) / mense wat programme kraak / mense wat jou kan opspoor deur jou ligging / mense wat virusse na jou rekenaar stuur. ✓	(1)	3
1.8	Jy kan in hegtenis geneem word / jy kan 'n hofsak teen jou kry. ✓	(1)	
1.9	Jou besonderhede wat gekoppel word aan elke webadres wat jy besoek. ✓ <b>(Enige logiese antwoord)</b>	(1)	4
1.10	(M)moeilik vir 'n vreemdeling sal wees om te onthou ✓	(1)	3

1.11	Kyk na die e-posadres / die slotjie-teken by die adres / die -s by die adres/https / Kyk na die webadres ✓✓ <b>(Enige twee)</b>		(2)	1
1.12	Dit stel hulle bloot aan 'n foutiewe of onbekende wêreld / gevaarlike of skadelike inligting of boodskappe. ✓ <b>(Of soortgelyke redenasie)</b>		(1)	
1.13	Die hele wêreld sien jou inligting. / Jy kan vriendskapsuitnodigings kry van mense wat jy nie ken nie. Mense versprei verkeerde of valse informasie op Facebook. ✓ <b>(Of soortgelyke redenasie)</b>		(1)	3
1.14	Virtuele kluis ✓		(1)	4
1.15	Jy kan die blokfunksie gebruik / jy moet versigtig wees as jy foto's/bodskappe aanstuur / jy moet jou werkskontrak in ag neem / jy is nie anoniem nie / enigiets wat jy stuur, bly op die ontvanger se foon / enigiets wat jy stuur kan aangestuur word. ✓✓ <b>(Enige 2 kan gegee word)</b>		(2)	1
1.16	1.16.1	Figuurlik ✓	(1)	3
	1.16.2	"Dit is gevaarlik." / dit beteken dat dit gevaarlik kan wees. ✓ <b>(Indien die kandidaat aanhaal kan dit met of sonder die aanhalingstekens wees.)</b>	(1)	1
1.17	Dit is kort / dit is vinnig / die kodewoord het net vir julle as gesin betekenis / daar is nie tyd om 'n lang boodskap te tik en te stuur nie. ✓ <b>(Enige logiese feit vir 'n punt.)</b>		(1)	3
1.18	Die ouers kan: self begin soek / vriende van die kind kontak / die polisie kontak / die plek waar die kind was dadelik besoek ✓ <b>(Enige logiese antwoord of soortgelyke redenasie)</b>		(1)	
1.19	Vir sekuriteit / veiligheid ✓		(1)	3
1.20	Die artikel handel oor die beskerming van inligting / informasie deur internetgebruikers / dit wys vir die leser hoe om slim of veilig te wees met sosiale media en/of die internet / dit waarsku ons teen die gevare van die internet en/of sosiale media ✓ <b>(Enige logiese antwoord of soortgelyke redenasie)</b>		(1)	3

GRAFIEK (TEKS B)				
1.21	1.21.1	Die informasie handel oor data en lugtyd. ✓	(1)	3
	1.21.2	Ekstra klasse of lesse ✓	(1)	1
1.22	1.22.1	Drank ✓	(1)	1
	1.22.2	Manstudente spandeer R554 (op klere en skoene) terwyl damestudente R428 vir (klere en skoene) betaal / die diagram wys dat die mans se deel groter is as die dames se deel ✓	(1)	1
1.23	C	Geld wat op 'n oneerlike manier verdien is. ✓	(1)	3
1.24	Student Trend Report. ✓ (Die antwoord, <a href="http://www.studentvillage.co.za">www.studentvillage.co.za</a> word nie aanvaar nie. Dit is waar die inligting nagegaan kan word.)		(1)	3

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)****ALGEMEEN**

- Kandidate moet volsinne skryf. Indien 'n werkwoord kort, is dit nie meer 'n volsin nie.
- Wenke moet met 'n **werkwoord** begin of met **ouers moet ...**
- Beplanning is nie nodig nie.
- Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:
  - Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
  - Indien die eerste poging in pen aangebied word, word daardie poging as die finale antwoord beskou.
- Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.
- Indien daar twee sinne by een koeëlpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.
- Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.
- Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting volgens die getal woorde wat dit voorstel getel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.
- Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne van die paragraaf nagesien.

**LET DAAROP DAT DIE OPSOMMING MEER AS EEN MOONTLIKHEID BINNE 'n PARAGRAAF BEVAT. DIE NASIENER MOET DUS NOUKEURIG LEES!**

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR NIE-DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

- 1–3 feite korrek – 1 punt
- 4–5 feite korrek – 2 punte
- 6–7 feite korrek – 3 punte

**KEN DIE TAALPUNTE SÓ TOE VIR DIREKTE AANHALINGS:**

**Die hoofgedagte moet in 'n volsin aangebied word.**

**Punte**

- 6-7 aanhalings – geen punte vir taal
- 1-5 aanhalings – 1 punt vir taal

**LET WEL**

**Woordtelling:** Nasieners tel die getal woorde indien dit te lank lyk.

**Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui nie.**

Indien die opsomming minder as die voorgeskrewe woorde bevat (minder as 70), maar dit bevat al die hoofgedagtes, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

- **Indien die maksimum woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die maksimum woorde nasien en die res van die opsomming ignoreer.**

## AFDELING B: OPSOMMING (TEKS C)

### VRAAG 2: INSTRUKSIES

- Skryf 7 wenke oor **Hoe ouers geweld met hul kinders kan hanteer**, neer.
- Die vetgedrukte sinne kan moontlik direk aangehaal word.

HOE OUERS GEWELD MET HUL KINDERS KAN HANTEER	
1	Moord op televisie is altyd groot nuus. Kinders wat ander seermaak of boelie, is 'n redelik algemene verskynsel. Maar hoe kan ouers hulle kinders help?
2	<p><b>Kyk saam met jou kinders televisie</b> sodat jy vir hulle kan verduidelik dat die akteurs nie regtig seergekry het nie, maar dat sulke soort geweld in die regte lewe régtig seer- of doodmaak. Verduidelik ook dat dit nié die manier is om probleme op te los nie. Kinders verstaan nie altyd hoekom daar geweld is nie, <b>daarom moet jy met jou kinders oor geweld op nuusprogramme gesels</b> en verduidelik dat dit nie 'n manier is om jou probleme op te los nie.</p>
3	<p><b>Ouers moet op die uitkyk wees vir tekens dat televisieprogramme vrese by hul kind aanwakker</b> – dinge wat byvoorbeeld slapeloosheid, bednatmaak of huilerigheid tot gevolg het. Deesdae is daar baie musieksoorte bv. <i>Hip-hop</i> en <i>Rap</i> wat ook lelike vloekwoorde gebruik en geweld en dwelmgebruik as aanvaarbaar uitbeeld. <b>Ouers moet kennis neem van watter gewelddadige musiekvideo's jou tiener na kyk, luister en aflaai.</b> Dan kan jy jou kinders help om tussen goeie en slegte musiek te onderskei.</p>
4	<p><b>Maak seker dat jou kind positiewe rolmodelle het.</b> As ouers ten alle koste hulle sin probeer kry, of hulle woede ontlaai deur gewelddadig op te tree, sal kinders ook so reageer. Indien die kinders aggressie gebruik om uiting aan hulle emosies te gee, <b>help hulle om te leer om te kommunikeer.</b> Só versterk jy aanvaarbare optredes.</p>
5	<p><b>Leer jou kinders</b> om, voor hulle geweld gebruik, <b>hulle eie foute te herken. Help hulle om hulleself in 'n omgekeerde situasie in te dink</b>, met ander woorde wanneer hulle die slagoffer van 'n bepaalde soort optrede is.</p>

TOTAAL AFDELING B: 10

## AFDELING C: TAAL

## ASSESSERINGSRIGLYNE


## WOORD- EN SINSTRUKTURE

- **Spelling vir eenwoord-antwoorde moet korrek wees om punte te verdien.**
- Indien een woord gevra word, bv. die korrekte vorm van die woord tussen hakies, mag die kandidaat die hele sin uitskryf soos dit op die vraestel gegee word. Dis slegs by Leesbegrip en Vraestel 2 waar die kandidaat gepenaliseer word indien die korrekte woord nie uitgelig of onderstreep word nie. Waar daar in Vraestel 1 spesifiek gevra word vir *een woord vir...*, geld hierdie toegewing nie.
- **Spelfoute word gepenaliseer waar taalstrukture gevra word.**
  - Wanneer verlede tyd getoets word, moet **ge-** as **EEN WOORD** met die werkwoord geskryf word.
  - Wanneer die infinitief getoets word, moet **te** in verbinding met die infinitief as **TWEE WOORDE** geskryf word.
- Waar afkortings getoets word, moet die puntuasie ook korrek wees om 'n punt te verdien.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.
- LET WEL: Waar advertensie- en strokiesprenttegnieke gevra word, tel taal- en spelfoute nie, tensy dit die betekenis van die sin beïnvloed.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE (TEKS D)

VRAAG	ANTWOORD		PUNT	
3.1	A	Dit word donker. ✓	(1)	1
3.2		... die pretpark te besoek. ✓	(1)	3
3.3		Dit staan uit en klink lekker vir die leser om dan wel die park te besoek / die adverteerder speel met klanke sodat dit kan uitstaan / dit beklemtoon dat die pretpark prettig is. ✓ <b>(Of soortgelyke antwoord)</b>	(1)	3
3.4		Wit letters / hoofletters / verskyn bo-aan die advertensie / daar kom 'n uitroepteken voor / groot letters of font / dit rym / dit gee die gevoel van 'n genotvolle tyd (wat jy vir 'n lang periode kan hê). ✓	(1)	
3.5		Die woorde speel op mense se gevoel/emosies (aangesien die fokus op die <i>langer lekker</i> is) / lok mense aan om die pretpark te besoek (omdat dit lekker is om daarheen te gaan). ✓ <b>(Of soortgelyke antwoord)</b>	(1)	3
3.6		Hartelus / hartelus ✓	(1)	1
3.7		Lowergroen / lowergroen ✓	(1)	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	
3.8	Jongmense / families met kinders / hele gesin / mense wat jonk van gees is / mense wat pret wil hê. ✓	(1)	3
3.9	Die advertensie wil <u>bevestig</u> / <u>beklemtoon</u> hoe lekker / pretvol / genotvol dit is / om die leser se aandag te trek. ✓	(1)	4
3.10	Die musiek by die amfiteater word deur die gesin geniet. / Die musiek word by die amfiteater deur die gesin geniet. / Die musiek word deur die gesin by die amfiteater geniet. ✓	(1)	2
		<b>[10]</b>	

VRAAG 4: STROKIE (TEKS E)			
VRAAG	ANTWOORD	PUNT	
4.1	Dis sterretjies/☆ wat om hom draai /sy neus is verbind/beseer / daar is 'n verband om sy neus gedraai. ✓	(1)	4
4.2	Sy bedoel dat hy ALTYD oneerlik is/nie eerlik is nie/dat hy ALTYD skelm is /dat hy ALTYD kul. ✓ ( <b>ALTYD</b> moet deel vorm van die antwoord aangesien die klem op die woord geplaas word.)	(1)	3
4.3	Hy is verontwaardig/geskok/gebelg/ontevrede/ontsteld/omgekrap/gegrief/ gekrenk/boos/kwaad/vies/ontstoke stel dit as 'n driftige vraag. ✓	(1)	3
4.4	(Voorbeeld:) <b>Die kroek</b> het by die bank ingebreek. ✓	(1)	2
4.5	Hy het wakker geword/sy slaap is onderbreek. ✓	(1)	3
4.6	Dat hy bereid is om in 'n varkhok te bly/dat hy die huis as 'n varkhok sien/ dat hy 'n vark is. ✓	(1)	4
4.7	Haai ✓	(1)	1
4.8	geëindig ✓	(1)	1
4.9	(Flo vra vir Andy) of <b>hy</b> gelukkig <b>sal</b> wees om in 'n varkhok te bly. ✓	(1)	2
4.10	Die geluid wat die stofsuiër maak./die whoooooo geluid./die stofwolkie/ die stof wat waai./die strepie/die  ✓	(1)	3
		<b>[10]</b>	



**VRAAG 5: PROSA (TEKS F)**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	
5.1	(M)mooiste ✓	(1)	3
5.2	(W)weggesteekte ✓	(1)	2
5.3	In hierdie streek kan jy 'n tradisionele Xhosa-gemeenskap teëkom <b>waar</b> die kinders tradisionele klere <b>dra.</b> ✓	(1)	2
5.4	(V)vroue / (V)vrouens ✓	(1)	1
5.5	(A)akkommodasie ✓	(1)	1
5.6	(R)reisigers (meervoud) ✓	(1)	1
5.7	lg. ✓	(1)	1
5.8	(l)ingang ✓	(1)	2
5.9	(J)jaarliks	(1)	1
5.10	Ek het nog nie die Wildekus besoek nie. ✓ <b>OF</b> Ek het die Wildekus nog nie besoek nie. ✓	(1)	2
5.11	(B)buitelanders (meervoud) ✓	(1)	1
5.12	In hierdie streek behoort jy 'n tradisionele Xhosa-gemeenskap <b>teë te kom.</b> ✓	(1)	2
5.13	Dit <b>sal</b> een van Suid-Afrika se mooiste gebiede <b>wees.</b> ✓	(1)	1
5.14	Die natuurwonder is nie net pragtig om te sien nie, maar ook die geboorteplek van stories en legendes. ✓	(1)	1
<b>(TEKS G)</b>			
5.15	Hou die man die selfoon met sy tone vas? ✓	(1)	1
5.16	Smoordronk, stomdronk, stormdronk, papdronk, dikdronk, poepdronk (plat), horingdronk, duiseldronk, bibberdronk, katdronk, diepdronk, kanondronk. ✓	(1)	1
5.17	Die verkeersman <b>het</b> die motor <b>gestop.</b> ✓	(1)	1
5.18	(J)jou ✓	(1)	1
5.19	(R)radio'tjie ✓	(1)	2
5.20	(S)stuurwiel ✓	(1)	1
		<b>[20]</b>	
<b>TOTAAL AFDELING C:</b>		<b>40</b>	
<b>GROOTTOTAAL:</b>		<b>80</b>	